Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Ernst Malherbe

Bredasdorp, Riviersonderend, Rietpoel,
Klipdale, Napier, Protem & Ouplaas area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Ernst Malherbe by
Sel: 082 802 8171 E-pos: malherbe@laeveld.co.za

Ernst is op 12 Augustus 1977 op Riversdal gebore. Hy het gematrikuleer aan die Hoër Landbouskool Oakdale.

Nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy gaan boer vir 6 jaar saam met sy ouers waar hy ondervinding kry in klein grane, lusern, groente, skape, volstruise en melkery. In 2003 vestig hy en sy vrou hulle op Bredasdorp in die Overberg.

Hy begin 2013 as agent vir Agriman werk en as sub-agent vir Nulandis. Aan die begin 2014 het hy aangesluit as agent by Laeveld Agrochem. Hy is getroud met Thea en het ‘n dogtertjie van 3 en sien baie uit na die geboorte van hul 2de babatjie einde November! In sy vrye tyd spandeer hy graag tyd saam met sy gesin.

Ernst sê: “My vrou ondersteun my in alles wat ek doen. Ek probeer om daagliks so te leef dat mense kan sien dat God my Koning is en my grootste doel is om Sy koninkryk uit te brei en ‘n ligdraer vir Hom te wees. Ek is lief vir die buitelewe, die see, musiek, dans en ons geniet dit om saam met vriende om ‘n vuurtjie te kuier.

Ek is passievol oor my werk en streef daarna om vir elke kliënt te help om maksimum resultate uit hul oes te kry. Ek glo, hoop en vertrou dat ek altyd ‘n positiewe bydra tot Laeveld Agrochem sal kan lewer.”